
Chanel Enslin se "On top of the clouds".

# Puik foto's by klubaand

Sport- en foto-joernalistiek was die April maandonderwerp van die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging.

Die klub kom elke maand by die Klip River Estate in Drie Riviere bymekaar.

In die maandonderwerp-afdeling was dit ervare fotograaf Johan Joubert wat die senior-afdelingwenner (4, 5 Ster en hoër graderings), asook die algehele wenner was met sy foto "Borsslag".

In die junior-afdeling (1-3 Ster) was Chris Bester se "Dankie personeel" die wenfoto. In die monochroom-afdeling was Francois Roux die wenner in die senior-afdeling met "Namib patrone" en Rika Schoeman die wenner in die junior-afdeling met "Infinity". In die ope-afdeling waar enige foto vertoon mag word, was Haig Fourie se foto "Connected" die wenfoto in die senior-afdeling en Deon de Jager se "Mary had a little lamb" die junior wenfoto. In die selfoon-afdeling was Chanel Enslin die senior-wenner met "On top of the clouds" en Chris Bester die junior wenner met "Skoonheid". Lede kan ook in 'n aanlynkompetisie deelneem en die wenfoto was Renée Storme se "Help me". Die aanlyn foto's met kommentaar kan op die klub se webblad http://www.vdbp-photo.org/ gesien word.

Die klub kom maandeliks op die derde Vrydagaand van elke maand byeen en begin om 18:30. Kontakpersoon: Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za


Johan Joubert se "Borsslag".


Haig Fourie se foto "Connected".


Francois Roux se "Namib patrone".


Deon de Jager se "Mary had a little lamb".